

Inhoud Hierdie preek wys wat is die verskil tussen om om vergifnis te vra in boetedoening teenoor die vra om vergifnis binne die verbondsliefde van God. In boetedoening word gevra dat God jou nie sal straf nie. In God se verbondsliefde word gevra dat God jou weer heel sal laat wees vir sy liefde.

Skriflesing Ps. 51; Esegïel 26: 24 – 28; 2 Sam. 12: 13 - 25

Teks Ps. 51: 13 “Moet my tog nie wegdryf uit U teenwoordigheid nie en moet U Heilige Gees nie van my wegneem nie. “

Tema God vergeef ons deur sy liefde vir sy liefde

1. Waarom moet ons nog om vergifnis vra as ons nie meer gestraf word vir ons sondes nie?

Dit is een van die natuurlike vrae wat in ons gemoed opkom wanneer ons verseker word deur Christus dat Hy ons nooit weer ons sondes sal straf nie.

Hoekom ons nie meer om vergifnis wil vra as ons nie gestraf word vir ons sondes nie, beteken dat ons glo dat om om vergifnis te vra is om vir God te vra om jou nie te straf nie. Om om vergifnis te vra om nie gestraf te word nie, is boetedoening. Die vergifnis wat Jesus Christus ons gee is heeltemal iets anders as boetedoening.

Christus se vergifnis is om ons deur God se liefde reg te maak om God weer lief te hê. Hierdie tipe vergifnis, om deur God se liefde weer regmaak te word om God en jou naaste te kan liefhê, noem die Bybel regverdigmaking. Christus se vergifnis is altyd regverdigmaking.

Dit s heeltemal iets anders as boetedoening. Boetedoening is om God wat jou wil straf vir jou sonde só om vergifnis te vra, dat God besluit om jou nie meer te straf vir die manier waarop jy om vergifnis gevra het nie.

Dit is omdat mense glo dat om vergifnis te vra is boetedoening, dat hulle voel dit is nie meer nodig om om vergifnis te vra as God hulle nie gaan straf nie.

Kom ons kyk hoe vra gelowiges God om vergifnis! Hulle vra om vergifnis soos Dawid om vergifnis vra in Ps. 51 en opgesom in vers 13: 13 “Moet my tog nie wegdryf uit U teenwoordigheid nie en moet U Heilige Gees nie van my wegneem nie. “

2. In Ps. 51 vra Dawid God om vergifnis vir sy volharding in sy sonde met Batseba. Vers twee van die Psalm verbind die inhoud van hierdie Psalm direk aan 2 Samuel 12: 13: “Ek het gesondig teen die Here,” het Dawid vir Natan gesê, waarop Natan toe vir Dawid sê: “Die Here self het jou sonde opsy geskuif. Jy sal nie sterf nie.” Dawid bid hierdie gebed om vergifnis na Natan aan hom bevestig het God sal hom nie vir sy sonde straf nie.

Dit is besonders! Na die versekering God sal hom nie vir sy sonde straf nie, bid Dawid hierdie gebed om vergifnis. Hy bid nie hierdie gebed om God se straf te keer of weg te keer nie.

Die diepste verwarring in ons eie gemoed oor ons sonde is dat ons glo dat God ons breek om tot bekering van ons sonde te kom. Dit is hoe Jer.31: 18 en Klaagliedere 5: 21 as boetedoening in kerke gepreek word. Die 1933 vertaling klink só: “Bekeer my dan sal ek my bekeer.” En dan word gewoonlik gepreek dat God jou sal breek vir en in die sonde waarmee jy besig is. God sal jou teister, vervloek, dit met jou sleg laat gaan, jou ongelukkig maak, jou seer maak en jou geliefdes van jou wegvat en verdryf totdat jy krag om aan te hou in jou sonde gebreek is en dan kan jy jou saak met god gaan regmaak omdat Hy jou só gebreek het.

Sien ons God só, dan raak alles oor God in 2 Sam. 12 deurmekaar. Want dan beteken dit God skuif Dawid se sonde opsy deur homself nie te straf vir sy sonde nie, maar sy seuntjie te laat doodgaan vir sy sonde. En dan moet ons Dawid se rou en vas sien as hoe hy tot bekering kom omdat God hom breek deur sy seuntjie te laat doodgaan.

Dan moet ons Ps. 51 sien as hoe Dawid pleit om vergifnis en dit eers kry na God sy seuntjie gestraf het vir Dawid se sonde. Dan is Dawid se gebed is Ps. 51 boetedoening sodat God nie sy seuntjie straf nie.

3. God breek nie sondaars nie. Sondaars breek hulle self en hul naaste met hul sonde.

Dit sien ons in hoe Dawid Batseba en sy ongebore seuntjie verniel het met sy volharding in sy sonde. Ons is geneig om so op Dawid te fokus dat ons nie sien hoe hy in sy eiemagtigheid Batseba en sy ongebore seun met sy sonde verniel en stukkend gemaak het nie.

Kom ons kyk wat Dawid met Batseba doen in sy sonde. Hy verkrag 'n vrou wat lief is vir haar man deur haar op te roep vir 'n oudiënsie met die koning sonder dat sy enige aanleiding daartoe gegee het. En dan stuur hy haar huis toe asof niks gebeur het nie. Wie gaan haar glo dat sy verkrag is en nie aanleiding daartoe gegee het, haar eie planne gehad het en eintlik die koning in haar mag wou kry nie? Dawid maak haar koelbloedig sy slagoffer! Hy verniel en breek haar en haar huwelik stukkend met sy sonde. Nie God nie!

As sy hom laat weet sy is swanger, praat hy nie haar nie, maar laat haar man kom en probeer hom oortuig en toe dronk maak om na haar te gaan, omdat hy nie sy vaderskap wil aanvaar nie. Batseba kan nie eers met haar man praat oor wat met haar gebeur het nie, maar moet hoor wat die koning met haar geliefde man doen terwyl sy niks kan doen om hom te help nie. Dit terwyl swanger is! .

Terwyl sy swanger is, hoor sy van haar man se dood en sy weet hy is vermoor, en sy voel haarself as die oorsaak van sy dood, in haar swangerskap. Dit is nie God wat haar verniel en breek om tot bekering te kom nie. Dit is Dawid in sy algehele liefdelose magsug.

Dan moet sy swanger 'n skynhuwelik speel met 'n koning wat net sy moord van haar man en sy vaderskap van haar kind wil regverdig deur liefde. En dan breek die politieke hel los wanneer die hele volk hoor wat Dawid gedoen het, en sy is en bly verdag as 'n vrou wat die koning mislei het en medepligtig in haar man se moord is, terwyl sy swanger is. Dawid se sonde het haar eer, haar naam, haar veiligheid en selfrespek stukkend gebreek. Dawid se sonde het sy seuntjie in sy moederskoot verniel deur die onhoudbare stres wat hy oor sy ma gebring het. Nie God nie!

En wat Dawid in haar gebreek het, het hy in homself gebreek: sy naam, sy eer, sy liefde en sy getrouheid. God het Dawid nie gebreek nie. Dawid het homself met sy eie sonde verniel en gebreek.

4. Deur sy belydenis: “Ek het gesondig teen die Here.”, erken Dawid dat net hy en niemand anders het homself, sy vrou en ongeboore kind, sy getroue manskap, sy weermag en die hele land en al die mense met sy sonde verniel en in hulle geloof, liefde en getrouheid gebreek.

Dit is hoe u Dawid se sondebelydenis in Ps. 5 moet ontdek – dit is nie God wat sondaars breek en verniel nie. Sondaars breek en verniel hulle self en hul naaste met hul sonde.

Dawid erken en herken hierdie selfvernieling en gebrokenheid in homself en dig dit nie aan God of enige iemand anders toe nie. Nie eers sy ouers wat hom tydens sy kinderjare verniel het en só hom kastyg in sy sonde laat volhard het omdat sy ouers hom seer gemaak het nie. Dit is wat u moet hoor in sy belydenis: “Kyk, in sondeskuld is ek gebore, sondig toe my moeder met my swanger geraak het.” (Ps. 51: 7) Ek leef met hierdie drif tot selfvernieling en gebrokenheid in myself. Dit is nie God wat dit met my doen om my kastyg tot bekering te bring nie.

Dawid probeer ook nie vergoed vir wat hy verniel en gebreek het nie. Dit is wat mense doen wat boete doen as hulle om vergifnis vra: hulle vergoed vir wat hul verniel en gebreek het!

Hy stel dit reguit en duidelik: “U vind geen vreugde in slagoffers nie, anders sou ek dit gee; brandoffers aanvaar U nie.” Met hierdie geloofsbelydenis in God se troue liefde (51: 3) wys Dawid dat hy nie sy seuntjie se dood sien as sy offer wat hy vir die Here moet gee of moet aanvaar as die offer wat die Here van hom gevat het nie. Sy seuntjie se dood is nie God wat van sy seuntjie 'n slagoffer en brandoffer vir sy pa se sondes maak nie.

5. Dawid roep God in sy troue liefde aan in hierdie gebed (51: 3), nie 'n God wat hom of sy seuntjie straf vir sy sonde nie.

Hy roep God aan in die geloof, die vertroue van hoe God hom lief het! En daarvan is elke gebedsinhoud in Pr. 51 'n getuigenis.

God se liefde is sy verbondstrou. God se getrouheid aan Homself hoe Hy God is. En dit openbaar Esegïel samevattend vir ons in Esegïel 36 vanaf ver 24. Dawid se Psalm is maklik 400 jaar geskryf voor Esegïel 36. Kyk hoe is Dawid se gebed om vergifnis inhoudelik presies dieselfde as god se verbondsbeloftes in Esegïel 36.

In Esegïël onderneem God: “Hy sal ons van al ons onreinhede en afgodsbeelde reinig en met water was as teken van hierdie reiniging. (Eseg. 36: 25).

400 jaar voor dit bid Dawid: “Wis my oortredings uit, was my heeltemal skoon, van sondeskuld, reinig my van my sonde, neem my sonde weg, was my dat ek witter as sneeu kan wees. (Ps. 51: 3,4,9)

In Esegïël onderneem God: “Ek sal julle ’n nuwe hart gee, ’n nuwe gees in jul binneste”

400 jaar voor dit bid Dawid: “Skep ’n rein hart vir my, o God, vernuwe ’n bestendige gees in my binneste”, “laat ’n gewillige gees my ondersteun.” (Ps. 51: 12, 14)

In Esegïël onderneem God: “My Gees sal Ek in jul binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer.”

400 jaar voor dit bid Dawid: “Moet my tog nie wegdryf uit u teenwoordigheid nie; en moet u heilige Gees nie van my wegneem nie.” (Ps. 51: 13)

6. Waarvoor vra Dawid in hierdie gebed om vergifnis?

Hy vra God om hom deur sy troue liefde as God só heel te maak dat hy weer kan en mag liefhê!

Wie bid só? Hulle wat hul self en hul eie liefdes nie meer kan vertrou nie! Dit stel Dawid met die woorde: “Offers aan God is ’n gebroke gees, ’n gebroke en verpletterd hart sal U, o God, nie minag nie. (Ps. 51: 19)

Ons mag nie hierdie belydenis sien as deemoedigheid nie. Deemoedigheid is die valsheid waarin mense hulle hul self so voor God sleg maak en sleg sê sodat God later vir hulle moet sê dit is nie so erg wat hulle hul self sleg maak nie.

Hierdie valsheid werk dan só: jy moet jouself voor God breek en dan sal God jou vergewe! Jy moet jouself aankla voor God, jy moet jouself veroordeel voor God, jy moet jouself vervloek voor God, jy moet jouself haat en minag voor God en wanneer jy dit met jouself doen, dan sal God dit nie met jou doen nie!

Dit is hoe mense om vergifnis vra deur boetedoening – deur jouself voor God te breek as offer vir jou sonde! Dit is die geestelike weergawe van mense wat hulle self fisies stukkend sny, kap en slaan tot die bloed loop om vergifnis te kry by God. Dawid breek nie homself as offer vir sy sonde nie en hy vra nie dat God hom nie moet straf omdat hy homself gebreek het voor God nie.

7. Dawid vra God om hom te vergewe soos God vergewe – deur sondaars in sy liefde heel te maak om weer lief te mag en kan hê.

En dit bid Dawid omdat hy gesien het dat hy nie sy eie hart, sy eie gedagte, sy eie wil en gees kan vertrou om lief te hê nie.

Wanneer Dawid bid dat God hom sal reinig van sy onreinheid en afgodsbeelde, dan vra hy God dat God die drif in hom om sy sonde as liefde te glo en as liefde van en vir God te wil sien, sal bevry.

Wanneer hy vra vir die vernuwing van sy hart en 'n bestendige gees, vra hy dat God in hom 'n liefde sal bewerk wat net liefde is en nie begeerte wat as liefde geleef word nie.

Wanneer hy vra vir die teenwoordigheid van die Heilige Gees met hom, dan vra hy dat God in sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid met hom sal wees en daarmee sal vervul, want só sal God se liefde sy begeertes en afgodsbeeld verdring en 'n wederliefde in hom skep.

8. Kom ons kyk weer na die vraag: "Waarom moet ons om vergifnis vra as god nie meer ons sondes gaan straf nie?"

Wanneer jy glo God het jou gebreek vir die sondes wat jy gedoen het om dat jy jouself voor God gebreek het vir die sondes wat jy gedoen het in deemoedigheid, dat God jy ingegee het en God toe die straf weggevat het omdat jy ingegee het, dan hoef jy nie meer om vergifnis te vra as die straf weg is nie.

As jy glo vergifnis is boetedoening: om gebreek te word om te erken wat jy gedoen het, en jy as jy dit doen is die straf weg, dan hoef jy nie daarna om vergifnis te bid nie. Dan leef jy só: "Breek my o God en dan sal ek my bekeer sodat u my nie straf nie!"

Maar gelowiges doen nie boete vir sonde nie. Hulle bid om vergifnis soos Dawid in Psalm 51: hulle vra God om hulle weer vir sy liefde reg te maak en hulle liefde vir Hom weer reg te laat wees. God se vergifnis is regverdigmaking, nie ons boetedoening nie!

Wanneer ons gebed om vergifnis die gebed is dat God ons vir sy liefde reg sal maak en ons liefde vir Hom reg sal laat wees, dan kan ons elke ag om vergifnis bid. Want ons vra dat God in en deur sy liefde, my hom weer sal laat liefhê.

Wanneer ons om vergifnis vra doen ons nie boete nie. Ons vra nie so mooi om vergifnis dat God ons nie met straf nie. Ons vra dat Hy ons regverdig in en vir sy liefde sal maak.

In hierdie vryheid om weer lief te mag hê het Dawid oor sy seuntjie gerou sonder om boete te doen. In hierdie regverdigmaking kon hy die vrou wat hy misbruik en verniel het weer as sy vrou lief hê en het God vir hulle weer 'n seun beskik wat God Dawid deel van die Dawidsbelofte gemaak het.

